

## 27 Januarie - BEELD

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-49 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:49**

**H**ierdie lewe bied liggaamlike uitdagings, want ons menslike beeld het tekortkominge. Ons liggame is verswak vanweë ouderdom, siekte of gebrek. Ons liggame veroorsaak soms verleentheid, hindernis of las. Hoekom? Op aarde het ons liggame die beeld van Adam. Ons is “*verganklik*”. Ons het in sonde geval en ons huidige liggame is “*in oneer*”; inderwaarheid “*swak*”. Ons liggame is natuurlik (vs 42-44).

Ons liggame gaan egter verander. Ons toekomstige liggame sal die beeld van ons Here Jesus dra. Dit sal “*onverganklik*” wees, “*in heerlijkheid*” wees en opgewek word “*in krag*”. Dit sal geestelik wees (vs 42-44). Hoe heerlijk is dié verwagting wanneer ons die agteruitgang van ons aardse liggame begin beleef.

Ons beeld het egter ook geestelike uitdagings op aarde. “Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek” (Rom 7:19). Op die nuwe aarde sal ons beeld geestelik volmaak wees. Dit sal gelyk wees aan Christus. “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun” (Rom 8:29). Hoe heerlijk is dié verwagting wanneer ons soms skaam staan voor ons geestelike tekorte!

In ons teks veronderstel die woord *beeld* ’n prototipe. Die beeld toon nie bloot ooreenkomste met die oorspronklike nie. Die beeld is direk deel van die oorspronklike. Dit is soos die son se refleksie op die water. Die beeld van die son op die water is inderwaarheid deel van die son self. So is die beeld wat ons nou uitdra in ons liggame inderdaad aards, soos Adam. Die beeld wat ons na die wederkoms sal dra, is werklik hemels, soos Christus – ’n refleksie van Christus.

Nou ’n refleksie van Adam, maar eendag ’n refleksie van Christus. Ons beeld gaan volmaak wees!

*Sing: Psalm 149:1, 2 (1936)*

*Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)*